

Toetrede

Liturgie van die Lig

Lied 163

Aanstek van die kerse

Lied 464:1,2,4

Woorddiens

Lesing 1: Handeling 2:1-13 (1953)

¹ EN toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar.

² En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het.

³ Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit.

⁴ En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.

⁵ En daar het in Jerusalem Jode gewoon, godsdienstige manne, uit elke nasie wat onder die hemel is.

⁶ En toe hierdie geluid kom, het die menigte saamgestroom en was in die war, want elkeen het gehoor hoe hulle in sy eie taal spreek;

⁷ en hulle was almal verbaas en verwonderd en sê vir mekaar: Is almal wat daar spreek, dan nie Galiléërs nie?

⁸ En hoe hoor ons hulle, elkeen in ons eie taal waarin ons gebore is?

⁹ Parthers en Meders en Elamiëte en die inwoners van Mesopotamië, Judéa en Kappadocië, Pontus en Asië,

¹⁰ Frigië en Pamfilië, Egipte en die streke van Libië by Ciréne, en Romeine wat hier vertoef, Jode en Jodegenote,

¹¹ Kretense en Arabiere — ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot dade van God spreek.

¹² En hulle was almal verbaas en radeloos en sê die een vir die ander: Wat kan dit tog wees?

¹³ Maar ander het gespot en gesê: Hulle is vol soetwyn.

Tema: Waarom sou jy aan 'n gemeente behoort? Nr 2

Om heiligheid te erken

Broodjies vir die Pad

The church has a "song" to sing. They are from and about Jesus who bore witness to the love of the Father. They give the church with the aid of the Holy Spirit the only genuine eloquence she has. When performed in song and deeds they are universally understood. We are authorized by Jesus himself to create our own improvisation, to always keep

"things open to something new," and, thereby, accomplish even more than he did!

<http://sacraconversazione.blogspot.com/2010/05/day-of-pentecostprincipal-service-year.html>



Pinkster gebed

Here, troos ons sodat ons nooit dink ons is alleen nie
Here, troos ons dat ons nooit dink dat U 'n vlug van ons verbeelding is nie

Here, troos ons dat ons weet U is ons lewensbron

Bestraal ons met U lig
Wys ons iets van U aangesig
Maak ons stil en oop vir U heiligheid

Stort U liefde in ons harte uit sodat dit ons moedertaal word
Vul ons met tonge van vuur en 'n kooltjie wat altyd bly gloei in ons binneste

Breek vir ons die Brood van U teenwoordigheid
Skink vir ons die beker van U genade

Here, ons buig voor U
Here, ons dank U

Amen

Brood vir die Pad

Die Boek Rut, die fees van die weke, die gawe van die Torah, en Pinkster

Inleiding

In ons Christelike liturgiese jaar is dit tans pinkstertyd. Alhoewel die meeste Afrikaanse kerke deesdae pinkster slegs vanaf hemelvaart tot Pinkstersondag vier, begin pinksterfees tradisioneel net na paasfees en duur 'n volle vyftig dae lank. Vir Christene is die hoogtepunt van pinkster die uitstorting van die Heilige Gees, en Jesus se volgelingen wat skielik in vreemde tale begin praat het, sodat almal die evangelie kon hoor en verstaan.

Pinkster is egter ook 'n fees van Ou Israel, en 'n fees wat die Jode tot vandag toe vier. Volgens Joodse gebruik word sekere feesrolle by sekere feeste voorgelees. Die boek wat tradisioneel by pinkster voorgelees word, is die Boek van Rut. In hierdie teo-bydrae gaan ek die verband tussen die Rutboek en pinkster van naderby bekyk.

Pinkster en shavuot

'Pinkster' word afgelei van die Griekse *pentēkostē* wat letterlik 'vyftigste' (dag) beteken. Dit het betrekking op die Ou Testamentiese 'fees van die weke'. Die Hebreeuse woord vir 'week' is *shavuah*; die meervoud daarvan is *shavuot*. Wat Christene dus 'pinkster' noem, word deur die Jode *shavuot* genoem, en die Ou Testament se *shavuot*-fees

word in dieselfde tydperk as die Nuwe Testament se pinkster gevier. Op daardie dag in Jerusalem, toe die Heilige Gees uitgestort is en die dissipels in vreemde tale gepraat het, het Jesus se volgelingen *shavuot* gevier. Eers later sou pinkster 'n ander betekenis kry.

Maar wat is die betekenis van *shavuot* – of die fees van weke?

In die Ou Testament is daar 'n ander fees wat met die fees van weke saamval, en dit is die sogenaamde oesfees. Ons lees daarvan in Eksodus 23:16. Net na die fees van die ongesuurde brood, met ander woorde, die pasga of paasfees, moet die fees van die oes gevier word. Maar Eksodus 34:22 noem die fees wat ná die fees van ongesuurde brood gevier moet word, die 'fees van die weke'. Het ons dan nou met 'n ander fees te make? Die vers self verskaf egter 'n verduideliking: dit is die fees aan die begin van die koringoes. Deuteronomium 16:9-10 maak dit nog duideliker. Na die paasfees, die fees van die ongesuurde brood, moet die volk sewe weke bereken van die dag af dat hulle hul graan begin oes. 'Vier die fees van die weke tot eer van die Here jou God' (v 10).

Moontlik was die oesfees 'n baie ou landboufees wat uit die dae dateer toe Israel hoofsaaklik 'n landelike selfonderhoudende familie-gebaseerde bestaan gevoer het. Namate die bevolking al hoe meer verstedelik het, het die klem op die oes vervaag. 'n Verdere faktor is Israel se toenemende historiese bewussyn en die impak van die uittoeg uit Egipte en die Sinaï-gebeure. Dit lyk dus asof die 'oesfees' en die 'fees van die weke' dieselfde fees is: albei volg op paasfees en duur min of meer sewe weke lank.

In die latere Joodse tradisie, word die fees van die weke met die Sinaï teofanie in verband gebring. Die redes is nie heeltemal so duidelik nie, maar 'n mens kan wel bespiegel. Gedurende hierdie sewe weke was daar twee gewasse wat geoes is: die garsoes het direk na paasfees begin, en die koringoes was teen die einde van die tydperk. Volgens die vae tydsaanduiding in Eksodus 19:1, is dit gedurende hierdie tyd, gedurende die fees van die weke, wat Israel aan die voet van die berg Sinaï te staan gekom het. Siende dat *shavuot* die fees is wat op pasga volg, is die Sinaï-gebeure die aangewese geleentheid om 'n besondere sin daaraan te gee.

Dit ook moeilik om te bepaal wanneer presies die gawe van die *Torah* en *shavuot* saamgeval het. Dalk heel vroeg. Maar miskien het die skrywer van Handeling 1 iets raakgesien tussen die skouspelagtige gebeure in Jerusalem, daardie dag van die pinksterfees, en dit wat die Hebreuse Bybel in Eksodus 19-20 beskryf. *Shavuot* vier die gawe van die *Torah*, die Wet van die Here; pinkster vier die uitstorting van die Heilige Gees, wat elke gelowige leer hoe om hierdie Wet te lewe.
[...]

Die boek Rut gaan egter nog verder as dit. Die kern van die verhaal is die opname van Rut, die Moabitiese in die Judese gemeenskap van Betlehem, en uiteindelik word sy as koning Dawid se oumagrootjie uitgebeeld. In hierdie sin skrei die boek direk téén die *Torah*, wat uitdruklik opdrag gee dat geen Moabiet of Ammoniet in die gemeente van die Here mag kom nie (vgl Deut 23:3).

Wanneer 'n mens die Rutboek oppervlakkig lees, lyk dit of die verhaal slegs 'n mooi romantiese verhaal van

naasteliefde is. Rut se storie lewer egter 'n sterk, roerende pleidooi, soortgelyk aan die vooruitsigte van profete soos Jesaja (56:3-7), dat diegene wat voorheen van die gemeente van die Here uitgesluit is, nou met ope arms verwelkom gaan word. In die Rutboek gaan dit weliswaar om selflose liefde – of *hesed*, soos dit in Hebreeus staan – maar *hesed* wat nie deur die *Torah* aan bande gelê word nie. Deur roekelose dae van selflose liefde radikaliseer die boek van Rut die voorskrifte van die Wet, om sodoende die armes, die ellendiges en die verwerpinge in die gemeente van die Here op te neem. So vier die boek van Rut wel die gawe van die *Torah*, maar interpreteer dit deur oë van liefde. Dit kyk verby die letter van die Wet, en sien die Een raak wat dit gegee het. Anders gestel, die boek van Rut wil sê, God is groter as die *Torah*.

Slot

Om dus nou saam te vat: die Hebreuse boek Rut en die Nuwe Testamentiese pinkstergebeure soos wat dit in Handeling 1 beskryf word, lyk twee wydeenlopende vertellings te wees. Die Rutverhaal speel af in die rigterstyd, maar is waarskynlik in die Persiese tyd, in die tyd van die Tweede Tempel geskryf. Dit is op die vroegste ten minste vier eeue voor Christus. Dis 'n storie van eenvoudige mense en die alledaagse lewe op die Judese platteland. Dit vertel 'n verhaal van selflose roekelose liefde wat grense van die *Torah* oorskry en groot droefheid in uitbundige vreugde verander.

Die pinkstergebeure in Handeling 2 speel heelwat eeue later af. Jesus het geleef, sy boodskap van vrede en liefde verkondig, is gekruisig, het gesterf en is begrawe, het opgestaan uit die dood en het alreeds na die hemel toe opgevaar. Vyftig dae na paasfees, na sy kruisiging, vier sy volgelingen die gebruiklike *shavuot*. En op skouspelagtige bonatuurlike wyse word die Heilige Gees uitgestort, word die Wet van die Here as 't ware weer geopenbaar. Dit is die Wet soos wat Jesus dit geradikaliseer het en waarin Hy in sy lewe dit ook gewaag het om die grense van die *Torah* te oorskry: liefde tot God en liefde tot die naaste.

Twee radikaal uiteenlopende verhale, radikaal verskillende gebeure. En tog 'n merkwaardige ooreenkoms.

<http://teo.co.za/artikel/articles/532/1/Die-Boek-Rut-die-fees-van-die-weke-die-gawe-van-die-Torah-en-Pinkster/Bladsy1.html>

Wegsending

Lied 303

Lied 444

Lied 284:1,2,3

Liefdegawes

Mededelings

Doof van die Kerse

Seën